**Aanddiens: 10 Augustus 2008**

**Lees: Jak. 4:1-10**
**Teks: Jak. 4:3**
**Sing: 1. Ps. 48:1+3 (TT)**
**2. Ps. 42:1+7**
**3. Ps. 27:4**
**4. Sb. 10-2**

Geliefde gemeente
Gebed – *die wonderlike geleentheid om met God te praat.*

- Gebed – **die geleentheid waar ons as sondige mense elke keer in God se heilige teenwoordigheid mag staan.**

Gebed – *die wyse om met ons hemelse Vader wat ons oneindig liefhet te kan praat en ons harte voor Hom te kan uitstort.*

- Gebed – **die geleentheid deur Christus se verlossingswerk 'n werklikheid om alles wat ons druk en waaroor ons bly is, aan God deur te gee.**

Ek wil aanvaar dat elke Christen die geleentheid om so tot God te mag nader, voluit benut. Om werklik elke las en swaar en hartseer en pyn aan God oor te dra omdat Hy in sy almag dit baie beter kan dra en hanteer en oplos as enige mens.

- Maar, geliefde kind van God, dit gaan in die behandeling van gebed in die Bybel nie bloot oor OF ons bid nie, maar HOE ons bid. *Nie bloot oor DAT ons bid nie, maar in WATTER GESINDHEID ons elke keer in gebed voor God gaan staan.*

**Want een saak wat baie maklik**, en laat ek dit duidelik stel: dikwels sonder dat ons dit besef of bedoel, **in gebed kan voorkom, is selfsug**. Dat dit soos Jakobus onder leiding van die Heilige Gees uitwys, die rede word waarom ons gebede nie verhoor word nie.

Kan ek dit hier baie prakties uitwys wat daarmee bedoel word:

- Elke gebed van ons staan en moet staan in die kader van ***laat u wil geskied***. Maar as ons dan vra vir gesondheid of beskerming vir ons kinders of 'n radikale verandering van omstandighede, is dit nog waarlik "soos u wil" of is dit nie dalk net uit selfsug wat ons dit vra nie? ***Dit vra op die end deeglike besinning oor hoe en wat ons vra.*** *En dan: as ons dan sê: "dit help nie ek bid nie, want niks gebeur nie," is dit nie dalk tog maar selfsug nie? Paulus het gebid dat die doring in die vlees verwyder moet word en hy het volhardend daaroor gebid. God het verhoor, dit getuig hy, maar nie soos Paulus graag wil nie. God se wil, wat God vir Paulus wou, het gebeur – en so geld dit elke gebed wat tot God gebid word.*

'n Ander vraag, liewe lidmaat, wat knaend gevra word, ***is wanneer het ek genoeg gebid***? Wanneer het ek genoeg voorbidding gedoen of oor 'n saak met God gepraat?

Daar is geen klinkklare antwoord op die vraag nie. Wat wel duidelik uit die Skrif na vore kom, is dat een mens nooit genoeg kan bid nie. ***Geen mens kan sy/haar afhanklikheid ooit volledig bewys in gebedsvolharding voor God nie.***

- Selfs al sou mens menslik gesproke wil dink: dit help nie of dit is nou genoeg, kan dit nie so wees nie. *Dink aan Augustinus se ma wat vir sy bekering bly bid het tot en met haar dood. Eers daarna het die wonder plaasgevind en is haar gebede verhoor!*

Feit is: vir 'n sondeverlore mensdom; vir mense vasgevang in die vangnet van satan soos dwelms, drank en noem maar op, kan nooit genoeg gebid word nie. ***Dan bly ons voorbidding doen, want wie weet wanneer God sal ingryp?***

Ons hoor Jesus trouens binne 'n paar ure presies dieselfde van God vra daar in die tuin van Getsemanè. **Kern van sy gebed?** ***Laat u wil geskied!*** EN DIT HET EN LAAT GOD JUIS DAARVOOR GEDANK WORD!

En terwyl ek van dank praat, hoe kan ons ooit God Drie-Enig genoeg loof en dank en erken vir wat Hy vir ons gedoen het en steeds doen? Dit kan nie en dit moet ons onthou: in die volmaakte gebed wat Jesus ons leer, beslaan dank en erkenning aan God die grootste gedeelte. ***Dit moet ons onthou en dan, liewe gemeente, sal ons nooit wil ophou met bid nie. Dan sal ons waarlik volhardend voor God bly staan.***

- **Dan sal ons ook dankend en vol lof vra en waarlik berus in sy wil wat gaan geskied. Of ons nou daarvan gaan hou of nie.**

Drie sake rondom gebed word in die Bybel aangedui en dit word in Sondag 45 van die Kategismus saamgevat. Die **noodsaak** van gebed word uitgelig. Die **eise** waaraan 'n opregte gebed behoort te voldoen. En dan word die **inhoud** van die gebed vir ons aangedui.

- Kom ons let baie kortliks op elkeen van die fasette!

Wat noodsaak van gebed betref, is daar mense wat sê: *dit is glad nie nodig om te bid nie.* Die rede? **God weet wat elkeen nodig het en in sy genade sal Hy voorsien.**

- Baie waar – God weet wat elkeen nodig het. Tog wil Hy dat ons met Hom moet praat. Die oproep om te bid kom immers dikwels in die Bybel voor. Daarby: as ek nie bid nie, erken ek nie my volledige afhanklik wees van God nie. Het ek eintlik die houding: *ek vra nie en as God nie gee nie, sal ek self regkom.*
- Onthou: as aardse ouers weet ons ook wat ons kinders nodig het. Tog wil ons dat hulle sal vra – selfs mooi sal vra!

'n Tweede rede waarom mense sê dat dit nie nodig is om te bid nie, geliefdes, is omdat God **onveranderlik** is. *Met ander woorde is hulle redenasie: as wat ons vra anders is as wat God besluit het, dan help dit nie om te bid nie.*

- Tog weet ons, ons wat van God se onveranderlikheid niks verstaan nie, dat God wel aanpassings gemaak het – om dit nou menslik uit te druk. *Hiskia hoor dat hy gaan sterf, maar na gebed leef hy 10 jaar langer*. **Ninevé hoor dat dit verwoes gaan word, maar na berouvolle gebed gebeur dit nie**. *Die Here noem dat Hy Israel gaan verwoes, maar hoor Amos se gebed en dit gebeur nie.*

Feit is: God hoor en verhoor. Hy wil van ons hoor. In sy liefde staan Hy nie koud en afsydig teenoor ons nie. *Daarby moet ons bly onthou: om voor God te mag verskyn, is geheel en al genade! Daarom mag die noodsaak om te verskyn nie afgewater word nie.*

As ons egter bid, mag ons nooit voor op die wa of arrogant raak nie. Ook mag gebed nie 'n blote sleurgang wees nie. Daarom moet die volgende rondom gebed altyd in elkeen wat bid se gedagte bly. *Ek moet weet ek staan voor die ware en ewige God wat bo alles en almal verhewe is. Daarom is daar ontsag in my as ek met Hom praat.*

- ***Wanneer ek bid, moet ek daarop fokus dat sy eer voorop staan en nie bloot my wense en belange nie.*** *Verder bid ek in die besef dat nie my wil nie, maar sy wil eerste staan. Daarom bid ek in onderworpenheid en nie eisend nie.* ***En belangrik: as ek voor God as Heilige gaan staan, bid ek nie onseker en half flouerig nie. Nee, met vrymoedigheid in Christus, staan ek met 'n oop hart voor God en bid ek met my volle hart en wese!***

'n Laaste kenmerk van 'n ware gebed, geliefdes, is dat ek smekend bid. Bid in die wete: net God kan waarlik doen wat ek vra. Daarom staan ek in afhanklikheid voor Hom. En omdat ek weet dat Hy my liefhet en vol genade is, bid ek vertrouend. Ek bid asof ek weet: ***God sal laat gebeur wat vir my goed is.*** *Daarom kan ek met oorgawe bid.*

En as ons dink aan wat die inhoud van die gebed is, dan kan ons maar net die Onse Vader gebed wat Jesus ons leer voor oë hou. Dan sal elke gebed wat ek bid, getuig dat **ek God se eer voorop stel**; *dat ek daarin my liefde vir Hom en my naaste laat uitstaan*; **dat ek met my nood en ellende na Hom kom omdat ek daarin van Hom afhanklik is – ook om satan en sy magte in my lewe te weerstaan**; *dat ek balans openbaar tussen my aardse en geestelike behoeftes*.

Bo alles: elke gebed moet getuig dat my lewe aan sy diens gewy is – meer en meer. Elke gebed moet getuig daarvan dat ek God vir alles groot dank toebring en ek Hom in alles wil loof. ***Reeds dit maak dat gebed inderdaad noodsaaklik is.***

Kan ek uit myself so in gebedslewe voor God staan? Nee, beslis nie. Juis daarom moet ek die Heilige Gees bly vra om my altyd met groter erns te leer bid. Dat Hy die regte ingesteldheid, ootmoed en besef van voor Wie ek staan, by my sal laat lewe.

Dan sal my gebede wees sodat ek God daarin en daardeur behaag. Mag jou en my gebedslewe daarvan getuig!

Amen.

Ds Piet Fanoy